



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10	
KW 2	Week 5	
ONDERWERP	Taalstrukture: Woordvorming (Morfologie) Deel 2	
DOEL VAN LES	Onderrig en vaslegging van Woordvorming (Morfologie)	
BRONNE	<b>Papierbronne</b>	<b>Digitale bronne</b>
	Meer inligting oor Morfologie en ander taalstrukture is beskikbaar in die gids: <i>Graad 10 – 12 Afrikaans Huistaal: Hersiening 2018 Leesbegrip en Taalstrukture</i>	Klik op die onderstaande skakel om na 'n kort video oor simplekse en komplekse te kyk:  <a href="https://youtu.be/i56GCE02zTw">https://youtu.be/i56GCE02zTw</a>
Inleiding	<ul style="list-style-type: none"> <li>• In Morfologie (Woordvorming) moet jy die volgende begrippe ken: stamme/basisvorme simplekse en komplekse, voorvoegsels (prefixes) en agtervoegsels (suffixes), samestellings en samestellende afleidings, kern en bepaler en verbindingsklanke.</li> <li>• In hierdie les gaan bogenoemde aspekte van Woordvorming kortliks onderrig word, daarna gaan jy 'n aantal eksamenvrae oor hierdie afdeling van die werk beantwoord.</li> </ul>	
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n <b>Stam/Basisvorm</b> is die kleinste woorddeel waarvan die betekenis in 'n woordeboek opgeteken is: bv. in die woord <b>tafeltjie</b> is die woorddele <b>tafel</b> + <b>tjie</b>. 'n Mens sal egter net die betekenis van <b>tafel</b> in 'n woordeboek kan naslaan, daarom is <b>tafel</b> die basisvorm/stam. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Voorbeelde: <b>beloon</b>, <b>dames</b>, <b>ontwater</b>, <b>ens</b>.</li> </ul> </li> <li>• 'n <b>Simpleks</b> is 'n woord wat uit slegs een stam/basis bestaan en nie verder in betekenisvolle dele opgedeel kan word nie. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Voorbeelde: <b>water</b>, <b>pampoen</b>, <b>botter</b>, <b>skilpad</b>, <b>verstaan</b>, <b>held</b>, <b>piering</b>, <b>ens</b>.</li> </ul> </li> <li>• 'n <b>Kompleks</b> is 'n woord wat uit meer as een woorddeel bestaan soos afleidings, samestellings en samestellende afleidings en wel verder in betekenisvolle dele verdeel kan word. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Voorbeelde: <b>sportmotor</b> (stamme = sport + motor), <b>telefoon</b> (voorvoegsel = tele + stam = foon, <b>eetbaar</b> (stam = eet + agtervoegsel = baar), <b>bloukleurig</b> (stam = blou + stam = kleur + agtervoegsel = ig).</li> </ul> </li> <li>• <b>Afleidings</b> word gevorm deur 'n voorvoegsel of agtervoegsel by die stam te voeg. <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Voorbeelde: <b>wanhoop</b> (voorvoegsel = wan + stam = hoop), <b>siekerig</b> (stam = siek + agtervoegsel = erig).</li> </ul> </li> </ul>	



L

wan-

sleg of verkeerd

wangedrag, wanhoop



**-skap**

toestand

beterskap

**Wenk:** Moenie die betekenis van die hele woord gee wanneer jy die morfeem (voor-of agtervoegsel) se betekenis moet aandui nie - gee slegs die morfeem se betekenis binne die spesifieke woord.

- 'n **Samestelling**: bestaan uit twee of meer stamme. Die een stam is die **kern** en die ander stam die **bepaler**. Voorbeelde: dorp + skool = dorpskool, meisie + skool = meisieskool. Soms word 'n verbindingsklank gebruik om die woorde bymekaar te voeg, bv. boek + kennis = boekekennis; oos + wind = oostewind;

broek + pyp = broekspyp; . kind + dae = kinderdag; lewe + les = lewensles

**Onthou:**

- a) Ons kry slegs **-ss** indien die eerste woord op 'n **-s** eindig en die volgende woord met 'n **-s** begin, bv. jas + sak = jassak
- b) As woorde op 'n **-f** eindig, **verander die -f na 'n -w**, bv. druif + sap = driuwesap
- 'n **Kern** is die laaste deel (die "hoofgedagte") van 'n samestelling. Die vraag word dikwels gevra: Wat is dit? Voorbeelde: danssaal, tafeldoek, hangkas, ens.
- 'n **Bepaler** is die eerste deel van die samestelling. Die vraag word dikwels gevra: Watter **soort** is dit?
  - Voorbeelde: lamppaal, manskoene, vertoonkas, ens.
- 'n **Samestellende afleiding** bestaan uit 2 of meer stamme + 'n voorvoegsel en/of 'n agtervoegsel.
  - Voorbeelde: **doelwagter** (stam = doel + stam = wag + agtervoegsel = ter), **branderplankryer** (stam = brander + stam = plank + ry = stam + er = agtervoegsel)

AKTIWITEITE/  
ASSESSERING

**Beantwoord die onderstaande vrae, wat in vorige eksamens voorgekom het, in jou werkboek. Gebruik jou kennis van Woordvorming (Morfologie) om die vrae korrek te beantwoord. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.**



	<ol style="list-style-type: none"><li>1. Vorm 'n <b>PERSOONSNAAM</b> van die vetgedrukte woord: Ek is deel van die veldtog wat deur 'n <b>Amerika</b> begin is. [Wenk: Wees versigtig met die spelling.]</li><li>2. Gee die <b>TEENOORGESTELDE GESLAG</b> van die vetgedrukte woord: Sy knip prente van renosters uit en wys dit vir haar <b>onderwyser</b>.</li><li>3. Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies: Ladismith Smeerbotter smaak die (heerlik).</li><li>4. Gee die <b>VERKLEININGSVORM</b> vir die vetgedrukte woord in die volgende sin: Het jy al ooit soos 'n <b>wurm</b> gevoel?</li><li>5. Vorm 'n <b>SAMESTELLING</b> van die woorde tussen hakies: Jy daag met leë hande by 'n (werk+partytjie) op.</li><li>6. Gee die <b>SAMESTELLING</b> van die woorde tussen hakies: Paul Adams deel sy (lewe+ les). [Wenk: Wees versigtig met die spelling.]</li><li>7. Gee die korrekte <b>AFLEIDING</b> vir die woorde tussen hakies: Hy was skielik (<u>sonder</u> werk). [Wenk: Onthou jy nog watter agtervoegsel <b>sonder</b> beteken?]</li><li>8. Vorm 'n <b>SAMESTELLING</b> van die woorde tussen hakies: My (skool+loopbaan) is byna verby.</li><li>9. Gee die <b>TEENOORGESTELDE</b> van die woord tussen hakies: Hy het dit (eerlik) gedoen.</li><li>10. Vorm die korrekte <b>AFLEIDING</b> van die woord tussen hakies: Die (leer) het sonder om links of regs te kyk oor die straat geloop.</li></ol>
Memorandum van assesseringsaktiwiteit	<ol style="list-style-type: none"><li>1. Amerikaner (Die spelling moet korrek wees)</li><li>2. onderwyseres</li><li>3. heerlikste (Die spelling moet korrek wees: net een -s)</li><li>4. wurmpie</li><li>5. werkspartytjie</li><li>6. lewensles (Het jy korrek gespel? Daar moet net een -s in die middel van die woord wees.)</li><li>7. werkloos</li></ol>



- |  |                      |
|--|----------------------|
|  | 8. skoolloopbaan     |
|  | 9. oneerlik          |
|  | 10. leerder/leerling |